VOLKSTROTS

Doel

Om jou te help om te identifiseer met iemand wat 'n belangrike bydrae tot die Afrikanervolk gemaak het

Uitkoms

'n Werkstuk oor 'n bekende Afrikaner - sien die vereistes in die handleiding

Doenwenke

- Onderskei tussen 'n held en rolmodel
- Maak seker wat ons in Die Voortrekkers as 'n held en rolmodel beskou
- Maak seker dat jy verstaan presies wat die vereistes van die werkstuk is

Slaggate

- Bekende Afrikaners, helde of rolmodelle wat nie voldoen aan die vereistes van die ABC nie
- As jy nie die vereistes van die werkstuk deeglik verstaan nie

As Verkenner is jy trots dat jy 'n Afrikaner is. Jy lewe volkstrots uit deur kultuurfeeste van die Afrikaner by te woon, na Afrikaanse musiek te luister, Afrikaanse tydskrifte, boeke en koerante te lees, historiese plekke te besoek en veral deur die Afrikaanse taal te handhaaf en daagliks te gebruik.

BELANGRIK
Die projek gaan 'n hele paar dae van jou tyd in beslag neem, maar onthou niks wat die moeite werd is, word maklik verkry nie.

Waarom spesifiek die projek?

Soos alle Voortrekkers onderskryf jy die stelling:

EK IS TROTS OM 'N AFRIKANER TE WEES

Die projek vanjaar skakel direk met jou volkstrots. Dit is veral kode 4 en kode 5 wat hier 'n belangrike rol speel.

'n Volk word aan sy kultuur uitgeken. Dit sluit alles in wat die mens skep onder andere kuns, musiek, vermaak, huise, en paaie. 'n Volk se taal is ook belangrik, omdat dit vir die volk in baie gevalle dadelik van ander mense onderskei.

'n Voortrekker kyk na die toekoms. Om vir die toekoms te beplan, moet 'n mens die foute van die verlede vermy en die goeie dinge steeds probeer behou. Daarom moet ons Afrikaners ons volk se geskiedenis in Suid-Afrika baie goed ken, sodat ons al die besluite en gebeure van ons voorouers kan verstaan. Dit maak ons trots op ons verlede.

Helde en rolmodelle:
Die HAT omskryf:
'n Held as 'n persoon wat groot dapperheid en moed aan die dag lê, wat deur grootse dade onderskei word.
'n Rolmodel as 'n persoon wat as navolgbare model deur iemand of baie mense beskou word.

Die Afrikanerheld en - rolmodel wat jy gaan kies vir jou werkstuk, gaan gemeet word aan die ABC van Die Voortrekkers.

Die projek speel 'n rol in die evaluering vir Presidentverkenner gedurende jou graad 12-jaar. Maak seker dat dit met sorg en toewyding gedoen word.

Jy moet die werkstuk amper beter as jouself ken en verstaan, andersins kan jy nie daarop aanspraak maak dat jy trots is op wat die persoon vir jou as lid van die Afrikanervolk gedoen en beteken het nie?

Vereistes:

Jy moet 'n werkstuk doen wat handel oor 'n persoon in 1 en 'n persoon in 2:

Enige persoon *(nie monument, groep of Afrikaans nie)* kan as tema uit die volgende kategorieë gekies word:

musiek, drama en toneel, skrywers en digters, persone wat Afrikaans bevorder het, medici, ekonome, politici, onderwys, geskiedeniskenners, godsdiens, wynmakers, skeppende kunstenaars soos skilders en beeldhouers, volksdanse, wetenskap en tegnologie, kookkuns, sport en kultuur.

1. 'n Bekende Afrikanerheld/-rolmodel wat die afgelope 50 jaar tot hede 'n belangrike bydrae tot die Afrikanervolk gelewer het.

2. 'n Bekende Afrikanerheld/-rolmodel wat in die tydperk vanaf 1800 tot 1955 'n belangrike bydrae tot die Afrikanervolk gelewer het.

3. Die taak moet minstens 10 rekenaargetikte A4-bladsye wees, inhoudsopgawe en bibliografie uitgesluit. Sewe bladsye moet handel oor die persoon in punt 1 en drie bladsye oor die persoon in punt 2. Indien foto's bygewerk word, vorm dit nie deel van die 10 bladsye nie.

   Die werkstuk moet bestaan uit die volgende minimum:

Inleiding	-	10% van die totale inhoud van die werkstuk
Liggaam	-	40% van die totale inhoud van die werkstuk
Slot	-	50% van die totale inhoud van die werkstuk

4. Gebruik die lettertipe Arial 11 met 1.5 lynspasiëring (“Line spacing 1.5”)

5. Gebruik die volgende onderafdelings as 'n raamwerk vir jou werkstuk:

   Inhoudsopgawe

   Inleiding (10%)
   - Algehele opsomming en indrukke oor die persoon
   - Waarom jy met die persoon identifiseer

   Liggaam (40%)

   Agtergrond inligting
   - Geboorteplek
   - Kinderjare
   - Jongmensjare
   - Volwasse jare (getroud, kinders, verloop)
   - Sterfte

   Persoonlike inligting
   - Wat het hom/haar gedryf om te doen wat hulle gedoen het?
   - Hoogtepunte uit die persoon se lewe

   Uiteensetting van die persoon se belangrikste bydraes (tydlyn kan nuttig wees)

   Slot (50%)
   - Waarom jy dink die persoon aan die ABC voldoen
   - In watter mate sou die Afrikanervolk armer gewees het sonder jou held/rolmodel se bydrae?

   Bronnelys (Bibliografie)

6. 'n Taak van hoogstaande gehalte word van jou verwag, aangesien dit 20% van jou finale punt by die Volktrotstoetspunt tydens die Presidentverkennertoetskamp uitmaak.

   Gehalte word omskryf as netheid, nakoming van die vereistes, weldeurdagtheid en ekstra moeite.